

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
29 April 1979

Onderwerp: 'n Halfuur stilte in die hemel

Lees: Openbaring 8 verse 1 tot 6

Teks: Openbaring 8 vers 1

Sing: Psalm 46 verse 1 en 4
Gesang 225 vers 4
Gesang 236 vers 1

“Die boek Openbaring snel voort teen 'n geweldige tempo. Gebeurtenisse volg mekaar asemrowend vining op. As 'n mens hierdie boek lees, word jy meegesleur van die een verskrikking na die ander. En Johannes plaas ons in 'n profetiese wêreld waarin dit moeilik is om jou voete te vind. Die eeue wentel voort en alles spoed na die einde toe.

“Vergelyk ons egter die gang van hierdie profetiese boek met die verloop van die geskiedenis, dan kom ons tot 'n ander gevolgtrekking. Dit lyk asof Jesus Christus glad nie haastig is nie. Dit is nou al hóé lank dat Jesus Christus opgevaar het na die hemel.

“Maar, Broers en Susters, dit is verbasend, hierdie vertraging kom nie van Jesus Christus nie. Dit is wat ons teks sê. Dit is nie Jesus Christus wat nie sy geloftes gestand doen nie, maar ons wat nie ons verpligtinge nakom nie. Dit is nie Jesus Christus wat sy wederkoms verdraag nie, maar óns. Dit is nie Jesus Christus se horlosie wat agter is nie, maar ons horlosie wat lyk of dit gaan staan het. Dit is die boodskap van ons teks.

“Die halfuur van stilte waarvan die Bybel hier praat, is Jesus Christus se beskuldiging en protes teen ons. Dit is wat ons teksgedeelte beteken: toe 'kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank.' (Openb 8:1)

“Voel u dit aan, Broers en Susters, dat as daar van 'n halfuur stilte in die hemel gepraat word, daar iets besonders aan die gang moet wees? Ons kan dit moeilik voorstel dat daar in die hemel 'n pouse van 'n halfuur kan wees. Dit klink nie vir ons so lank nie, maar in die hemel is hierdie halfuur, wat ons simbolies moet beskou, asemrowend lank.

“Daar sal groot spanning en afwagting wees as die Lam die sewende seël van die boek van God se

raadsbesluite oopmaak. Dit sal die laaste seël wees, nadat die eerste ses reeds oopgemaak is. En nadat Jesus Christus die sewende seël oopgemaak het, sal daar 'n halfuur stilte in die hemel kom. Engele sal roerloos bly staan, terwyl hulle wag op die laaste bevel - wat nie sal kom nie. Daar waar dit gewoonlik gons van aktiwiteite, waar ononderbroke lofsange opklink, waar engele en saliges God sonder ophou loof, sal dit stil word. En dit sal stil wees juis op daardie tydstip as die vrygekooptes van die Lam die versekering sal ontvang dat die Kerk van Jesus Christus in beskerming geneem is. As die gelowiges die teken van onderskeiding sal ontvang, wat hulle sal beskerm as die hel op die aarde losbreek.

“Kan jy jou indink hoe benouend hierdie stilte sal wees? Waarom sal Jesus Christus wag en nie die teken gee nie?

“Sal dit wees omdat Hy nog nie gereed sal wees nie? Nee, Jesus Christus is lankal, al die eeue reeds, gereed. Alles is reeds gereël.

“Sal dit wees dat die wêreld nog nie ryp sal wees vir God se oordele nie? Sal dit wees dat die mense verander het? Is dit daarom dat Jesus Christus hierdie laaste kampanje sal moet uitstel? Nee, ook dit sal nie die fout wees nie. Inteendeel die wêreld roep reeds vir Jesus Christus se ingryping met 'n verderf wat ten hemele skrei.

“So waar lê die fout dan?

“Die fout lê by die Kerk! Dit is die Kerk wat die wederkoms van Jesus Christus terughou. Dit is duidelik uit die visioen: ‘En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.’ (Openb 8:3,4)

“Die fout is dat hierdie gebede van die heiliges nie heilig en suiwer is nie. Dit is bevlek met sonde. Dit is oneffektiewe trae en vormgebede wat nie tot God reik nie. Dit sal eers met reukwerk gereinig, gelouter en geheilig moet word. En daardie reukwerk is die voorbidding van Jesus Christus. Dan eers sal dit as gelouterde en gesuiwerde gebede die troon van God bereik. Dit is hoekom Jesus Christus 'n halfuur in die hemel sal wag.

“Wie is hierdie heiliges? Dit is die gelowiges, die kinders van God in die Kerk. Hulle deur wie God sy werk

doen en op wie hierdie groot verantwoordelikheid rus. Die Kerk op aarde gaan 'n groot taak hê by die realisering van die sewende seël. Daarom Broers en Susters, moet die heiliges heilig wees en leef volgens hulle stand.

“Let op, dit is die Lam wat die inisiatief sal neem. Hy sal die seëls verbreek. Maar daar sal ook 'n plek gegee word vir die gebede van die Kerk by die oopmaak van hierdie boekrol. God het bepaal dat gebed op aarde deel sal uitmaak van sy raadsplan met hierdie wêreld.

“Dit is 'n klein maar belangrike aandeel. Al die gebede van die Kerk sal saamsmelt tot een magtige gebed. Die engel sal eers van die aarde moet terugkeer, waar hy al die gebede versamel het, voordat Jesus Christus met sy laaste werk sal begin.

“Die werklikheid van die Kerk op aarde moet ooreenstem met die werklikheid in die hemel. Die aktiwiteit daar bo moet weerklank vind in die aktiwiteit van die gemeente. En Jesus Christus wag vir die Kerk. Jesus Christus is gereed, maar die Kerk is nie! Dit sal nog nie sterk, innig en vurig genoeg wees nie. Die engel sal nog besig wees om te soek na heiliges se gebede.

“Wat beteken dit?

“Die stilte in die hemel vind ten diepste sy oorsaak in die feit dat ons verloor het om te bid. Dat ons 'n groot agterstand in ons werklike omgang met God het. Dat ons te min gebruik maak van die Kerk as spesiale geleentheid om tot God deur te dring.

“Gebed het grootliks in die Kerk verstom. Die Kerk is te min op sy knieë. Die Kerk kan slegs op sy voete staan as hy eers op sy knieë was. En dit is die oorsaak van die stilte in die hemel. Daarom stagneer God se tydskema. Daarom is daar geen harmonie tussen God se werk en ons werk, tussen God se tempo en ons tempo nie. Dit is die rede hoekom Jesus Christus sal moet wag as die seël verbreek is en daar niks gebeur nie.

“Die fout lê by ons! Is ons bekeer en heilig? Is ons volwasse Christene? Het ons omgang met God? Weet ons wat dit beteken om stil te word voor God? Weet jy wat dit beteken om alles met God te bespreek? Dit moet nie net ons eie belange wees nie, maar ook God se sake, die belange van sy koninkryk. As jy eksamen moet skryf, bespreek dit eers met God. As jy 'n operasie moet kry, bespreek dit eers met God. As jy voor 'n beslissing van jou lewe staan, die keuse van 'n lewensmaat, bespreek dit eers met God. By die geopende Woord lê ons alles aan God voor en lê Hy

alles aan ons voor. Daar word ons probleme opgelos en ontvang ons ons opdragte van God.

“Is ons nie té geheg aan ons aardse belangetjies nie? Het die kerklike en geestelike lewe nie vir ons ’n sleur geword nie? Is ons nie dikwels in ons geloofslewe aaklig, kleinsielig en egoïsties nie? Hoe oppervlakkig is ons Christenskap nie soms nie?

“Ons is nog nie genoeg aan God oorgegee nie. Dit ontbreek ons nog aan geloof, hoop en liefde. Ons is nog nie tot die diepste, sending en evangelisasie bewuste mense nie. Ons bid nog te min.

“Vertoon ons nog die spontaniteit van ’n blye geloofslewe? Ken ons die diepe vrede met God, wat die resultaat is van ’n innige gemeenskap met God? Sien ons nog die groot belange van die koninkryk van God raak? Het ons nog ’n ruim blik op God se wêreld? Ons moet groots dink en lewe. Ons gebede moet die wêreld omspan.

“Jesus Christus wag op ons arbeid. Stel u dit voor. Ons hou die gebeurtenisse van God se koninkryk terug vanweë ons slordige geestelike lewe, ons gebrek aan daaglikse bekering, ons selfsugtigheid en ons eie belange wat altyd voorrang geniet. Ons verhinder God om sy taak te voltooi, veral deur ons gebrek aan stilte en oordenking ten opsigte van ons geloofs- en gebedslewe. Ons groot skuld is dat die Bybel vir ons meestal ’n geslote boek is!

“Ons harte moet oop staan vir die wonder van Jesus Christus en sy mag en grootheid. Maar in stede hou ons die koms van Jesus Christus teë deur verkramppte engheid en angstige armoedige lewenshoudings. Ons verwag as Christene geen groot dinge meer van God nie en onderneem geen groot dinge meer vir Hom nie.

“Die sewende seël sal verbreek wees en Jesus Christus sal haastig wees om verder te gaan. Hy sal oppad wees na die einde. Maar God het bepaal dat Hy, met eerbied gesê, dit met ’n bydrae van ons gebedsenergie en geloofsenergie sal doen. Alle gebede sal eers deur Jesus Christus versamel en gelouter moet word. Dan sal dit opstyg voor die troon van God. Dan eers sal daar aksie wees en sal die hemel in beroering kom: ‘En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.’ (Openb 8:5)

“En dit sal die gevolg wees van die hemelse aktiwiteite op aarde. Dit wat op aarde sal afspeel, sal ’n weerklank wees van die gebede van die Kerk. Jesus

Christus sal deur die gebede van die Kerk die geskiedenis weer sy loop laat neem.

“Dan sal die stilstand, die oponthoud, verby wees. Jesus Christus sal oppad wees na die groot finale einde. Dan sal die teken van Jesus Christus verskyn. Die engele sal blaas op basuine en sing: ‘Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaie. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!’ (Jes 6:3)

“Broers en Susters, kan u dink dat ons gebede so ‘n groot invloed kan hê? Ons gebed in die Kerk en by die huis bring die wêreld in beweging.

“Bid met ‘n vurige hart. Bid en werk.

“Al die ander dinge kan ons aan Jesus Christus oorlaat.

“Amen.”